# Waterkruik

JAARGANG 62 NO 47 30 November 2025

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENS VOLGENDE SONDAG

Ds. Jan-Louis is volgende Sondag met verlof. Ds. Eddie Tiemensma sal dan beide eredienste lei.

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie
***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 30 November**
**Oggend: Wyke 1 & 2**

*Oudle:* Hennie Steenkamp
Johan Reynders
*Diakens:* Otto de Vries
Theuns van Wyk
Braam Smith
Louw Lemmer

***Aand:*** **Wyke 3 & 4**
*Oudle.:* Arie Hoogenboezem
Gerhardt Koekemoer
*Diakens:* Deon van der Merwe
Leon Haasbroek




*Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vrymaak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen.*

*Jakobus 1 : 25*

## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 13 & 14 nooi u hartlik uit om te kom skink, drink en kuier na die erediens. Dankie aan *Vanessa Vermaak en Marjan van der Walt* wat vanoggend die tee bedien.

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, waar ek altyd die veiligheid mag vind wat U tot my redding beskik het, want U is my rots en my vesting"*

*Psalm 71:3*

*Maandag 1 Desember*
Leoni Erasmus 083 293 2633

*Dinsdag 2 Desember*
Neelis de Vries (5) 084 554 7290
Pieter Smit 083 778 3781

*Donderdag 4 Desember*
Alya Wepener 083 475 5050
Elaine Oberholzer 074 454 8223


## ROEPING VAN KERKRAADSLEDE

Die volgende broeders is op die Kerkraadsvergadering van 6 November geroep om in die amp te dien.

***As ouderlinge:*** Brs. Herman Hamersma, Chris Swanepoel, Max Lange, Leendert Snyman, Theo Kumm en Japie Landsberg.

**As diaken**: Jaco Minnaar

*U voorbidding vir die oorweging van die roeping word gevra.*




*25"Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie?*

*33Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.*
*34"Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie."*

*Matteus 6: 25 & 33*

## MEELEWING



Aan al ons skoliere, matriekulante en studente, geniet julle elke oomblik van julle lang vakansie wat voorlê. Julle verdien dit.

## BEROEPENUUS

*Beroepe ontvang*

* Ds WJ (Wimpie) Jansen van Vuuren van GK Middelburg [Oos Kaap] na GK Vaalpark
* Proponent B (Brendan) Vorster na GK Klerksdorp

*Beroepe aanvaar*

* Proponent B (Brian) Mclean na Cross Culture Church as medeleraar
* Ds JPL (Vickus) van Jaarsveld van GK Krugersdorp-Wes/Magaliesburg na GK Alberton-Wes

*Beroepe bedank*

* Ds MD (Dirk) Meijer van GK Bloemburg na GK Komatipoort
* Ds PF (Peter) Venter van GK Hoëveld na GK Nelspruit/Barberton as medeleraar

## KATEGETE EN HULPKATEGETE

Ons wil graag vra dat enigiemand wat bereid is om kategeet of aflos-hulpkategeet te wees, vir Tommie Venter 083 653 4339 of Jan-Louis Lee 071 640 6013 te kontak.

## KALENDER VIR DIE RES VAN DIE JAAR

25 Desember – Kersdiens - Alkantrant

## DIE JONG LOTE



## KERKKALENDER 2026

Die kalender vir 2026 is by die deure beskikbaar

## VERLORE GOEDERE

Daar staan 'n doos vol verlore goedere soos borde , skoene, sandale, klere, bakke ens. in die konsistorie. Gaan kyk asb as jy dink dat daar iets van jou is.

## KERK- ALMANAKKE

Die Kerkalmanak vir 2026 is in die konsistorie beskikbaar. Die Almanakke kos **R135** maar word gratis deur die kerkraad aan die gemeente beskikbaar gestel. 'n Donasie sal waardeer word om koste te help dek. Daar staan 'n donasiegeldkassie langs die Almanakke of u kan per EFT 'n donasie maak met verwysing "Almanak".



Dit kyk of die Jong Lote hulle jaarlikse afskeidspartytjie baie geniet het.
Sien meer foto's op die kennisgewingsbord.

## DIE HERE JESUS IS DIE WONDER!

*Johannes 10:42; 20:30, 31*

Desembermaand. Christusfeesmaand – alles draai om God se Seun wat vlees geword het en onder ons kom woon het. Dít alleen is alreeds 'n wonder! "Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan mense gelyk te word …" (Fil. 2:6, 7).



'n Wonder is iets wat plaasvind bo menslike of natuurkragte heen. Dit kom van 'n genadige en barmhartige God wat die Blye Boodskap van verlossing in sy Seun in uitverkore mense se harte wil kom bevestig. In Johannes 1:10-13 is daar drie soorte mense na wie Jesus gekom het: wêreldse mense, naam-vromes en uitverkorenes. Uitverkorenes is daardie mense aan wie God die gawe van die geloof gee. Deur "kragtige dade" (volgens Matteus, Markus en Lukas) en "tekens" (volgens Johannes) bring en versterk Hy die geloof.

Daar is nóg baie ander tekens ... – wonderwerke, getuienisse en openbaringsgebeure – wat Jesus gedoen/gesê het. Die doel daarvan is om uitverkorenes tot geloof te bring of om die geloof te versterk dat Jesus werklik die Messias/Christus/Gesalfde en Seun van God is. Wie in Hóm glo, hét die ewige lewe ontvang! Volgens prof. T van der Walt ("Die Messias het gekom") het elke wonder vier betekenisse:

**Christus se goddelike almag.** Christus is meer as net nóg 'n mens. Hy het twee nature – waaragtig God én mens! En dáárom kan hy wonders doen.

**Christus se liefde en barmhartigheid**. Hy wil help. Hy "leen God se toegeneë oor" aan sondaarmense.

**Christus gee ons die ewige lewe!** (vergelyk die opstanding van Lasarus en Jesus Self).

**In elke wonderteken of "kragtige daad" is daar iets profeties.**

Dit wys heen na die nuwe hemel en aarde wat met Christus se wederkoms 'n werklikheid gaan word. Die wonders wys heen na die Krag agter die kragte en na die Een na Wie die tekens wys. *Ds. AH Stavast (Arie) (emeritus)*

## VAKATURE VIR ORRELIS

Die Gereformeerde Kerk Waterkloofrand nooi persone uit (wat aan die vereistes voldoen) om aansoek te doen vir die pos van orrelis wat vanaf 1 Maart 2026 vakant sal wees. 'n Aansoekvorm en inligting oor die posinhoud kan verkry word deur Nienke vd Walt te kontak by admin@gkwaterk.co.za of 012 460 6925. Aansoeke sluit op 5 Februarie 2026.



## SNIPPERS



## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Vakant

**VOORS DIAK**
Herman van Heerden
082 604 3352

**OUDL. SKRIBA**
Tommie Venter
083 653 4339

**ORRELIS**
Ansie Wichmann
072 605 8675

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No.
9139785681

**PARKERING**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan